GESKIEDENIS VAN TROMPSBURG-TENNISKLUB

Die dorp Trompsburg is in 1889 deur Bastian Tromp gestig en in die jaar 1890 is sy plaas amptelik as dorpsgebied verklaar. Bastian Tromp het ’n broer, Jan Tromp, gehad. In 1900 het die twee boers die Trompsburg-tennisklub gestig.

Bastian het twee seuns, naamlik Dries en Jubert, gehad. Dries het twee seuns, Baxter en Tjoeks, by sy eerste vrou gehad. By sy tweede vrou, Frikkie, het hy ’n dogter, Koekoe, gehad. Dries en Frikkie sit voor, in die middel en regs op die tennisfoto wat in 1953 geneem is. Ongelooflik soos dit mag klink, speel geen afstammelinge van Bastian tans tennis nie.

Jan Tromp het ’n seun, Koot, sowel as twee dogters, Ann en Lenie, gehad. Koot verskyn met ’n Grey-baadjie in die agterste ry, derde van links, op die foto wat dateer uit 1904. Koot het ’n seun, Jater en twee dogters, Toekoe en Ina, gehad. Toekoe, wat later met Piet Louw van Jagersfontein getroud is, se afstammelinge speel nog steeds by die klub tennis.

Trompsburg-tennisklub het deur al die jare baie goed gevaar. Een van die klubs wat oor jare heen vir Trompsburg goeie kompetisie was, was Luckhoff. Tog kan Trompsburg steeds kompeteer met groter klubs soos Aliwal. Daar word nog steeds deelgeneem in sub-unie-wedstryde in Bloemfontein en vanjaar was al vier dames en vier mans, wat deelgeneem het in die Suid-span, van Trompsburg-tennisklub afkomstig.

Ons is trots om te kan sê ons het ’n klubhuis met vyf pragtige bane in ’n goeie toestand en elke jaar hou ons tennisdae om die bane en terrein in stand te kan hou. Selfs die geslote Vrystaat Veterane-toernooi is ook in 2000 baie suksesvol hier aangebied.

Isabel Louw (2010)

Meegaande foto's dateer uit: 1902, 1904, 1914, 1950 en 1953.